

ST. ROMAULDUS

19 JUNIE

(951—1027)

Hierdie edelman uit Ravenna in Italië tree in by die abdy van Sant' Apollinare in Classe, nadat hy, diep geskok, gesien het hoe sy vader iemand in 'n tweeveg doodmaak. Later gaan woon hy as kluisenaar in die moerasse buite die abdy. Gou versamel daar 'n groep volgelinge om hom, aangetrek deur sy eenvoudige en streng spartaanse leefwyse en die opregte lewensvreugde wat daarin te vinde was. Daaruit groei die Kamaldulenser-orde.

